




**Annelie Botes**  
Só lyk haar  
ou Gryse  
**Bl. 5**



**Giliomee  
Hermann**  
se wêreld  
**Bl. 12**



**Tuin toe!**  
Kom wandel  
in die wonder  
**Bl. 14 en 15**

# ink

Jaargang 3 Uitgawe 3

R8,50

Woensdag

8 Maart

2017

Silwerwenner in Basa se kunsjoernalistiek-toekenning

**Hensop!**

## Dis nie wat jy dink nie...

**Bl. 6 en 7**

FOTO: NARDUS  
ENGELBRECHT



Hou op soek ... op Afrikaans.com vind jy  
alles Afrikaans!

[afrikaans.com](http://afrikaans.com)



" SY VANG DIE WOORDE  
IN HAAR NET  
SLYP HAAR WOORDE  
TEEN DIE ROTS  
SY BAK HAAR WOORDE  
IN DIE VUUR  
EN DIE NOORDEWIND KOM  
EN HAAR WOORDE WAAI VER  
HAAR WOORDE WORD SAAD  
DIE SAAD WORD 'N STER "

- AMANDA STRYDOM,  
BOORD VAN WOORDE

### Elke woord is 'n meesterstuk.

Kom luister na die stroopsoet klanke en  
bitter mooi lirieke van onder andere  
Francois van Coke, Zolani Mahola,  
Theuns Jordaan, Elvis Blue en Laurika Rauch.  
Die 2017 Sanlam Musiekfees, 3-12 Maart.  
[www.sanlam.co.za/sponsorships](http://www.sanlam.co.za/sponsorships)



Universiteit Stellenbosch  
**Woordfees**

in trotse samewerking met

# Terugkyk is seer, maar voor lê hoop

**Michael le Cordeur en Wannie Carstens: Dit kom van vêr af. Skrywersfees. Gister.**

Afrikaans het seergemaak, toe maak hy weer beter. En nou bou hy brûe en trap paadjies oop waar daar voorheen agterdog en minagting was vir ’n taal wat voorheen anders op die oor geval het as Standaard-afrikaans. In die Drosty-teater kom klomp verskillende kleure en soorte en tongvalle en generasies ingestap.

Voor op die verhoog sit prof. Wannie Carstens, dr. Michael le Cordeur, ’n handvol gaste wat almal bygedra het tot hul boek *Ons kom van vêr* – die storie van bruin mense se bydrae tot Afrikaans, al moes hul Afrikaans vir lank by die agterdeur staan en wag. Maar uiteindelik begin daai oop te gaan, en nou sit dit knus by die hitte van die kagel binne die huis.

“Die samestelling van die boek was ’n intense ervaring,” vertel Carstens, taalkenner.

“Om die persoonlike stories

van mense se pyn en oorlewing te lees... Ek het hoeveel aande in my studeerkamer sit en huil oor wat ons aan mekaar gedoen het.”


Sy behoefte aan bronne oor aspekte van bruin mense se bydrae tot die ontwikkeling van Afrikaans, die ryke woordeskat en die erkenning wat die taal behoort te geniet, het hom laat aanklop by Le Cordeur.

“Dit was baie moeilik om navorsing te doen omdat so min daaroor gedokumenteer was, so Michael het na sy netwerk uitgereik en hulle gevra om tot die boek by te dra.”

Die opdrag was egter duidelik: Die boek moes die seer van die verlede aanspreek, maar elke bydraer moes ook vooruitkyk, die toekoms in.

“Afrikaans lewe in elke aspek van bruin mense se lewens,” vertel Le Cordeur.

“Dit is die kerktaal, die taal waarin jy katekiseer, die taal waarin die Kaapse Klopse sing en die Kri-santevereniging hulle notules hou. Dis die taal waarin jy op die sport-



veld stoei en agterna saamkuier.”

Fatiema Alie van die Bo-Kaap, ’n leier in haar gemeenskap, se storie is die spice in die boek, skop sy af. “My huistaal is Engels, maar my moedertaal is Afrikaans.

“Dis die taal wat ons in kosmaak, en baklei. Daar in die kombuis – want alles gebeur mos in die kombuis – het my ma vir ons geleer kosmaak. En toe ek die eerste keer die woorde hoor soos piering, kapallang, piesang, poering – toe dink ek maar ek kén

mos die woorde, al kom dit van Maleisië af.

“My pa, hy was ’n bouer. En hy het altyd vir my gesê: ‘As ek jou eendag in die hemel sien, en daar is nie plek vir jou nie, dan bôu ek vir jou ’n plek daar!’”

Danie van Wyk het ’n deel geskryf oor hoe losiesplekke en bruin kinders ineengevleg geraak het, omdat plattelandse kinders ná ’n sekere standerd na ’n groter dorp moes gaan. As daar nie ’n koshuis was nie, moes jou ouers maar losiesplek soek.

“So het vreemdelinge hul deure vir ons oopgemaak, en ons soos hul eie kinders grootgemaak. Hulle het ons daai kans in die lewe gegee.”

En die geskiedenis herhaal homself, want selfs as bruin kinders dit nou tot by universiteit maak, is verblyf ’n probleem – en die losies-engele spring weer in.

Le Cordeur het vinnig oor ’n paar van die bydraers gepraat: Henry Jeffreys, vorige redakteur van *Die Burger*, Conrad Sidego, wat uit die gebou moes loop vir ’n

toilet, Elias P. Nel, wat vertel hoe die rieldans sy plek oopgestamp het tot op die wêreldverhoë.

“Dit is eers geminag en misken as die dans van die karretjiemense en skaapskeerders. Vandag geniet dit die erkenning wat dit verdien.”

En al die stories eindig met die hoop, die wil om te versoen en saam ’n pad vorentoe te stap.

Iemand uit die gehoor staan op. “Ek wil net sê – die wittes het boedel oorgegee. Ek hoop die toekoms van Afrikaans lê nou by u,” beduie hy na die groep op die verhoog.

Die gerespekteerde prof Lina Spies staan op. “Ek wou nie iets sê nie, maar na ek nou die stories geluister het... Ek wou nie nou praat nie, want ek is bang my emosies loop weg met my. Maar ek kan nie stillby nie. As ek nou hoor hoe mense uitgesluit is, dit is soos ’n dolk in my hart. Ons mag nooit, nooit weer toelaat dat dit gebeur nie.”

En net so vat sy die gesprek saam. Geen meer woorde was nodig nie. – **Jo-Ann Floris**

## ‘Nie Afrikaaps, dis Kaaps’

**Om te toor met taal van Gansbaai tot Elsiesrivier. Skrywersprogram. Bibsaal.**

“Ons is nog op die stadium waar Kaaps gestigmatiseer word. Jy word ‘gam’ genoem,” sê die digter Shirmoney Rhode, skrywer van die bundel *Nomme 20 Delphi Straat*. Die poëet Bibi Slippers, outeur van die werk *Fotostaatmasjien*, het ’n onderhoud met Rhode en Jolyn Phillips, kortverhaalskrywer van die boek *Tjieng-Tjang Tjerries* gevoer. Hierdie hovaardigheid teenoor verskillende variëteite gaan dié jong taal nog duur te staan kom. Hoekom?

“Want vele jong Afrikaanse sprekers word net verder van die taal vervreem en praat liewers Engels. Daar word op hul hartstaal neergesien. Hulle het dan die woorde van hul ma’s se borste gedrink. Hoekom moet hulle verkleineer word?”

Die onderhoud wat Slippers met dié twee mededebutante gevoer het, was van die bestes wat hierdie joernalis nog op ’n fees gesien het. Die boodskap is duidelik: Die Afrikaans van Elsiesrivier of

Bokmakierie is net so waardevol soos waar dit in Welgemoed of Oranjezicht gepraat word. As mense liefis hul vooroordele kan laat staan en die taal in al sy ryk verbugings en vertakings kan geniet, sal ons horisonne eindeloos verbreed. Rhode het oor die inwerking van Kaaps op haar skryfwerk gepraat, asook Elsiesrivier, waar sy grootgeword het.

“As ek nie my kinderjare daar spandeer het nie, wat sou van my werk word? Dis mos wat en wie ek is, en dis mos die taal wat ek daar gepraat het.”

Met die neerskryf van die verse vir publikasie, moes sy dit plek-plek aanpas vir die leser se oog, maar ook nie te veel nie. Dis gedigte wat hardop gelees moet word. In Kaaps.

“Die boek sou nie in Standaardafrikaans werk nie,” sê sy. Wat is suiwer Afrikaans nou eintlik?” het sy gevra.

“Tans is Afrikaans in sy hoër funksies baie eensydig. Ek aanvaar die taal in al sy vorme, in al sy streke. En dis nie Afrikaaps nie, dis Kaaps, want wat van Afrikaans wat in die Noord-Kaap of Namibië of

waar ook al gepraat word?”


Jolyn Phillips se kortverhale is weer in Gansbaai geplaas. Hier het sy grootgeword en hier is haar stories gebore, uit die sand en seelug.

“Ek is ’n woordswerwer,” sê sy.

“Die boek is nie Afrikaans nie, dis nie Engels nie, dis eintlik Engels wat in Afrikaans geskryf is.

“Ek hou van die hoekie waarin die boek nou sit, hy maak sy eie statement, en sommige mense weet nie juis hoe om dit te plaas nie. Goed so, dis hoe ek dit wil hê. En die taal is ook ’n karakter op sy eie. Ek het nie agter die woorde aangeskryf nie, maar agter die ritme.”

Phillips sê sy wil haarself ’n Afrikaner noem, maar sy kan nie. Hoekom moet sy? Nie soos sake nog tans staan nie. “Wat is hulle (Afrikaners met h groot A)? Hulle het ’n vel, skoene, landskap wat aan hulle behoort. Die woord het nog nie ’n kollektiewe identiteit geword wat my gemaklik en tuis laat voel nie,” sê sy. “In Engels kan ek sê I am an African, want dit is wat ek is.” Harde maar ware woorde, so uit die mond van die suigeling. Sela. – **Herman Lategan**



**Pieter-Dirk Uys het gister die gehoor op ’n reis deur sy lewe geneem in sy eenmanvertoning *The echo of a noise*. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT**

Trotse borg en lid van die



**MEDIA24**  
Ons verryk lewens 24/7

## Kuierfees



Daar is baie gelag op 'n teepartytjie saam met die skrywer Kristel Loots en die koskenners antie Flori en antie Koelie in Idasvallei se biblioteek. FOTO'S: NATALIE GABRIELS

# Dié anties hoort op 'n verhoog

**Teetyd in Idasvallei. Leefstyl. Idasvallei-biblioteek. Gister om 10:30.**

Hierdie land. Nes jy in 'n hopie wil gaan lê oor maatskaplike toelaes en Springbokrugby en korrupsie, woon jy 'n teepartytjie in Idasvallei by. Sien jy weer 'n kant van die land en sy mense wat jou laat besef dat hierdie die enigste land is waar jy wil woon. Hier waar jou mense is.

Drie vroue was die eregaste by die teepartytjie: die gewilde skrywer Kristel Loots asook die koskenners en Bonteheuwel-beauties Koelsoem Kamalie en Flori Schrikker.

Vir die wat nie weet nie: Koelsoem, of antie Koelie soos almal haar noem, en Flori, of antie Flori, het bekendheid verwerf deur die resepte wat hulle op Amore Bekker se *Tjailatyd* op RSG gedeel het. Een ding het tot 'n ander gelei en bietjie meer as 'n jaar later is daar twee resepteboeke op die rak en 'n TV-reeks wat onlangs uitgesaai is. Loots is eerste deur die onderhoudvoer Shireen Crotz van die WOW-projek ondervra. Loots is 'n plesier om na te luister. Sy is pittig en lag net so lekker vir haarself as wat sy mense laat lag. Toe sy gevra



**Flori Schrikker (links) luister gister hoe Koelsoem Kamalie 'n lekker kosstorie vertel.**

is om meer van die liefde te vertel, het sy geantwoord: "Kupido is 'n moedswillige mannetjie en ek dink soms hy moet sy oë laat toets."

Sy erken dat sy graag oor die probleme van die middeljarige vrou skryf.

"Die vrou wie se man deur 'n midlife crisis gaan. Wat 'n jong model raakgesien het wie se ratkas nog werk. Wie wil dan nou 'n dik stasiewa hê as jy 'n Ferrari kan

kry?" het sy onder groot gelag van die gehoor, wat 'n heel paar mans ingesluit het, gesê.

"Maar ouer vroue kan ook verlief raak. Wat noem hulle dit wanneer 'n jong vrou verlief raak? Kalwerliefde. En wanneer 'n ouer vrou verlief raak? Malkoeisiekte."

Ná 'n pouse van 20 minute waarin die gaste kon smul aan souttertjies en kolwyntjies, was die gehoor terug vir die tannies. Kan

hulle nog in malls rondloop, het Crotz gevra?

"Ek dink die mense dink ons is siamese twins," het Schrikker gesê. "As ek op my eie is, dan vra die mense waar is Koelie. As hulle vir Koelie sien, dan wil hulle weet waar is ek."

"Ek was die ander dag by 'n visfabriek toe ek agterkom 'n man hou my so dop," het Kamalie vertel. "Sy vrou het toe gesê haar

man het my herken van *Pasella* en hy wil hê sy moet paella maak soos wat ek gemaak het. Toe sê sy: 'Ek het nie geweet ek krap nou saam met 'n celeb in die fridge nie'."

Die tannies is wat my ma sal sê 'n aanwins vir enige geselskap. Die gehoor het met tye so hard gelag, dat dit moeilik was om hulle te hoor. En wanneer die een vashaak, het die ander een aangepor. Of terwyl antie Koelie gepraat het, sou antie Florie in haar oor gefluister het om haar aan nog 'n storie te herinner.

Dit is te verstane dat mense met 'n onlangse radio-onderhoud met die twee van die pad moes aftrek omdat hulle so gelag het dat hulle nie verder kon bestuur nie.

Daar was egter ook oomblikke van groot deernis, soos toe Kamalie vertel het van die mense wat sy en haar gesin een keer 'n maand in Delft kos gee. Of Schrikker wat vertel van hul trek van Brooklyn na Bonteheuwel toe sy nege was.

Hierdie lieue anties van Bonteheuwel kort hul eie vertoning, hul eie show op 'n fees. Los maar die tertjies en die tee, sit hulle op 'n verhoog en laat hulle net hulle stories vertel. Hulle is die waardevolle safran in die masala-mix van Suid-Afrika en verdien om gehoor te word. – **Ilza Roggeband**

## Afrikaans.com – vier en verken die lekker van Afrikaans.

afrikaans.com



# 'n Lewe van liefde en lugkastele

Die gewilde skrywer Annelie Botes het gister 'n vol saal in die ATKV-Boektent aan die lag en praat gehad. Oor haar skryfwerk het sy vertel sy is altyd net haarself en 100% eerlik. "Ek het my wilde, ongetemde kant gewys en steeds is mense lief vir my." En haar innerlike krag? "Ek smyt myself bewustelik en onbewustelik in 'n gat om te kyk of ek weer gaan kan uitkom, en hoe ek gaan uitkom."



Van Lugkastele tot Raaiselkind – aanhangers het gister die geleentheid gekry om Annelie oor haar boeke, kinderjare en reise uit te vra. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT



'n Ink-leser het Annelie en die ou Gryse tydens 'n spesiale oomblik op film vasgelê. FOTO: PAULA LE ROUX



Die lesers het omtrent tou gestaan om hul kopieë van Lugkasteel te laat teken. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

ONTDEK 'n NUWE Wêreld

saam met die ATKV

BY VANJAAR SE US WOORDFEES!

ATKV BOEKE OASE

Ons omvangryke boekwinkel is terug met 'n fees van boeke vir oud en jonk. Ontmoet jou gunstelingskrywers en kuier saam rondom boeke in die hartjie van die US Woordfees.

Vanjaar by die US Woordfees!

Die ATKV se suksesvolle digkuns-animasieprojek word voortgesit met die bekendstelling van Filmverse 2 - 'n visuele bloemlesing van 12 gedigte. Daaglik van 09:00 tot 17:00 in die US Museum-lesinglokaal. Gratis. DVD beskikbaar by die ATKV-Boeke-oase.

KOM PRAAT SAAM EN WORD WYS:

11 MAART om 10:30, BIBSAAL, Gratis! Jongmense kom vertel die vorige geslag waar hulle Afrikaans oor 20 jaar graag sal wil sien. Met Albie Sachs en Saartjie Botha as gespreksleiers.

MÔRE, 9 MAART SE PROGRAM IN DIE ATKV-BOEKTENT:

|       |                                                                        |
|-------|------------------------------------------------------------------------|
| 09:00 | CARLA VAN DER SPUY: JOEY HAARHOFF WAS HAAR MA                          |
| 10:30 | 'STEP INTO OTHER PEOPLE'S SHOES AND TRY ON THEIR HATS'                 |
| 12:00 | KRISTEL LOOTS, ALTA CLOETE EN CHANETTE PAUL: VROUE SKEER WEER BEENHARE |
| 15:30 | FROM LAGOS TO CAPE TOWN – WHEN A CITY BECOMES A PARTNER IN CRIME       |
| 17:00 | MARGARET BAKKES – ONS VIER 'N LEWE                                     |

#ONTDEKAFRIKAANS

Kom maak 'n draai by ons stalletjie in Die Plataan by die ATKV-Boektent. Word 'n ATKV-lid en staan 'n kans om 'n luukse Slanghoek Villa-naweekwegbreek van ATKV-Goudini Spa\* of 'n geskenkpak te wen!

\* Bepalings en voorwaardes geld.

@ATKVSA

ATKVSA

[www.atkv.org.za](http://www.atkv.org.za)

## Toneel

Die toneelstuk *Sing jy van bomme* het mense vanjaar by die Woordfees aan die klets. Maar verlede jaar het 'n stuk reeds hier op Stellenbosch gedebuteer waarin die karakters werklik sing... van bomme. Of miskien nie soseer van bomme nie, maar wel van ammunisie, gewere, Kakies en dies meer. **Naudé van der Merwe** het met die mense agter *Hensop!*, wat vanjaar weer aangebied word, gepraat.

**H**ensop!, 'n toneelstuk oor 'n ma en haar kroos wat tydens die Suid-Afrikaanse Oorlog uit 'n konsentrasiekamp probeer ontsnap (dink *Prison Break* met musiek en baie meer grappe), se impak was van só 'n aard dat dit vanjaar terug is by die Woordfees.

Dit is 'n konsentrasiekamp-kabaret en dit is nie net 'n woord wat lekker allitêr nie, maar ook een wat 'n mens nie sommer in feesprogramboekies sien nie. "Konsentrasiekamp" en "kabaret" pas nie in almal se koppe in dieselfde sin nie. Maar 'n nuutgeskape onheilige drie-eenheid, Francois Toerien (skrywer), Wolf Britz (regisseur) en Grethe van der Merwe (komponis), het saam hierdie heilige koei behoorlik gemelk.

Wolf help my reg dat dit eintlik beskryf word as " 'n satire met musiek siende dat dit nie konformeer tot tradisionele konvensies van kabaret of musicals nie". En enigiemand wat dit al gesien het, sal weet dis waar, want hierdie produksie konformeer tot absoluut niks nie.

Toe die Woordfees in 2015 op soek was na iets "interessants" vir 2016 se fees, het hulle vir Francois Toerien gebel. Hy het toevallig reeds met hierdie idee begin speel.

"Ek het al vir RSG so 'n skets geskryf. Dit was die eerste stuk skryfwerk wat ek so half formeel gedoen het wat 'n konsentrasiekampkabaret kan wees, maar ek dink RSG het bietjie groot geskrik daarvoor. Nie hulle mark nie."

Die inspirasie kom van oor die waters. "Die idee het ontstaan na aanleiding van 'Allo 'Allo!, die Britse sitkom met die Tweede Wêreldoorlog as tema. Ek het nooit gedink dit gaan 'n verhoogstuk wees nie, ek het eintlik gedink aan televisie, want dis wat ek wou doen, of selfs sketse op die verhoog," sê Francois. Maar die Woordfees het die groen lig gegee.

"Die hele idee van 'n kabaret het ook ontstaan toe ek begin navorsing doen het en ek lees het oor hoe van die vroue konsert gehou het in die konsentrasiekampe. So, daar is natuurlik 'n konsert binne-in die konsert ook. Al sulke klein goedjies motiveer 'n mens en stuur 'n mens in sekere rigtings."

Francois was in daardie tyd self besig met die skryf en regie van die musiekblyspel *Heidi*, en Wolf Britz is nadergehoor om die regie te doen.

Hy het die geleentheid omarm.

"Ek het nog nooit voor *Hensop!* saam met Francois gewerk nie, maar ek is wel deur die jare vertrou met sy werk soos *Roadkill/Padkos*, *Jan en Jorie* en veral die *Francois Toerien Show*, waarvan ek 'n groot fan is.

"Francois het homself tydens die skryfproses afgesonder by die see en die stukke van die teks deur die loop van die tyd aangestuur. Vooraf was daar gewik en geweeg oor moontlike spelers van die geselskap, maar dit was



Kyle Seconna, Karli Heine, Leanna Dreyer en Nicole Holm (voor). FOTO'S: NARDUS ENGELBRECHT

# Lewensgees steeds gevier in 'Hensop!'



Nicole is 'n boervrou in die konsentrasiekamp wat al die ontsnappingspogings orkestreer.

ook in dieselfde tydperk as *Heidi* se skeppingsproses en boonop was hy besig om te verhuis na die VSA, so 'n besige Francois het *Hensop!* heeltemal oorgelaat aan my."

Volgens Wolf het Francois twee van die rolle met die akteurs Nicole Holm en Leanna Dreyer in gedagte geskryf, rolle wat hulle

"soos 'n handsken pas". En hy en Grethe het al saam met van die ander spelers gewerk soos Kyle Seconna, André Terblanché en Karli Heine, en dit het die werksproses makliker gemaak.

Wolf kon grootliks sy eie idees gebruik oor hoe só iets op die verhoog sou lyk.

"Die onderwerp van *Hensop!* gaan vir my meer oor 'ontvlugting' eerder as 'n lewe in die konsentrasiekamp'. Ek dink 'n mens moet versigtig wees om emosioneel betrokke te raak by geskiedkundige gebeurtenisse wat jy nie self ervaar het nie. Dis maklik om humor in iets te sien waarvan jy verwyderd

is. Die teaterervaring is uiteindeelik 'n onmiddellike een binne 'n huidige konteks en jy word nie regtig verplaas na 1901 nie. Ons kan nie 1901 ervaar nie, dis nie in ons verwysingsraamwerk van 'n deureleefde konteks nie," sê Wolf.

Francois het wyd navorsing gedoen oor lewe in konsentrasiekampe voor hy begin skryf het.

"Mense se persepsies van konsentrasiekampe is heeltemal skeefgetrek deur nasionalisme destyds. Dis gebruik as propaganda. Die enigste beeld, of een van die mees prominente beelde wat mense in hul koppe het, is die van uitgeteerde kinders. En dit is absoluut 'n persentasiepunt van die volle verhaal uiteraard. Ek dink daar was baie meer aan die konsentrasiekampe as bloot dood en siekte en kinkhoes en toring. En dit kan 'n mens ook vier. 'n Mens kan die lewensgees van mense vier in enige situasie en ek dink dit is wat *Hensop!* ook deels doen."

En hy voel ook 'n mens moet die humor in enigiets kan sien.

"Ek dink of mense nou by 'n begrafnis is of by 'n troue of by 'n geboorte, enige lewensgebeurtenis kan iets snaaks laat ontspring.

"Jy spot mos nou nie met kinkhoes en toring en uitgeteerde kinders nie. Maar jy moet ook begrip hê vir die feit dat ván die mense wat in die konsentrasiekampe was, was maar agterlik, agtergeblewe, en nie van die skerpste potlode in die pakkie nie."

Grethe (dat sy nog nie 'n household name is nie is verbysterend, sê Wolf) is genader om die musiek te doen. Francois het lirieke geskryf en moontlike volkswysies voorgestel vir van die liedjies, maar sy moes met die grootste gros van die musiek opkom.

Grethe sê die akteurs was reeds besig om te repeteer aan blocking terwyl sy nog gekomponeer het.

"Ek was toe nog heeltyds by 'n werk wat my meer in Johannesburg gehad het as in die Kaap. Die uiteinde was dat ek saam met die akteurs en Wolfie gesit het, hul gevoel en idees rondom die stuk en musiek probeer verstaan het en op my manier daaraan gestalte probeer gee het. Ek het dus, met almal se idees in my kop, op my eie verder gaan skryf."

En die eindprodukt is iets wat almal betrokke meer as tevrede gestel het.

Die drie is nou besig met hul eie dinge. Grethe is by die Woordfees betrokke by ander produksies soos haar eie musiekvertoning *Allegorie*, en Wolf is die regisseur van *Piekniek by Mpande, née Dingaan*.

Francois sê as enigiemand vir hom werk het, sal hy skryf vanuit Seattle, waar hy nou woon en tot onlangs by sy man, Charl Faurie, se werk 'n "ontvangsdame" was.

So skryf vir hom. Het enigiemand 'n voorstel vir 'n Joost-kabaret?

Too soon?

Too soon.

# Groot pret vir almal wat oopkop is

“ In dié produksie word daar gesing en gedans, guitighede gepleeg en heilige koeie lekker opgestuur.



**Hensop! Toneel. Hoërskool Stellenbosch. Vandag om 18:30 en 12 Maart om 15:00.**

Francois Toerien is die skrywer van hierdie teks en hy is bekend vir sy weerbarstige, stroomop en aweregse humor. In 'n soms konserwatiewe en parogiale milieu soos Suid-Afrika s'n, kan 'n ironikus se kwinkslae lelik boemerang.

Nie met *Hensop!* nie. Dit is 'n kabaret wat in die Norvalspont-konsentrasiekamp in die Anglo-Boereoorlog geplaas is (onder meer bekend as die Suid-Afrikaanse Oorlog). Baie mense het tereg nog historiese rou wonde wat hier gesalf moet word en dinge kon lelik skeefgeloop het in die verkeerde persoon se hande.

Toerien en sy entourage pak 'n gewigtige tema met ligte flair aan, sonder om die pyn van die kampe te reduseer tot 'n sirkus. As 'n mens daarvoor dink, moes daar tog ook mense in dié kampe gewees het wat eksentriek of grapjasse was.

Uit die aard van die saak was daar ook ligter oomblikke, omdat humor gereeld as sielkundige oorlewingsmeganisme aangewend kan word. In dié produksie word daar gesing en gedans, guitighede gepleeg en heilige koeie lekker opgestuur. Om te lag vir dié oorlog, maar met empatie, is perdalks die eerste van sy soort in ons land.

Daar is iets van vanmelewe se ou skool-opvoerings (uiteraard meer professioneel) hierso en die skoolsaal waarin dit vertoon word, dra by tot hierdie spotlustige wisselwerking. Die regie en scenografie is deur Wolf Britz behartig en hy laat die akteurs in hierdie ensemble-rolverdeling behendig met

perfekte tydsberekening soos 'n sterk span teenoor mekaar speel.

Die storie: Ouma (Kyle Seconna) is 'n orakel, lees teeblare en bokdrolle, en voorspel die toekoms nogal heel akkuraat. Moeder Magdalena (Nicole Holm) wil graag ontsnap en sy is die baasbrein agter elke mislukte poging.

Holm is prima in hierdie rol, die vrou is hoogs dramatiese, sy het 'n dawerende stem, en herinner sterk aan die ou boervroue wat sommer kaalvoet oor die berge sou loop. Sy vat nie sommer mense se nonsens nie, maar eintlik is sy 'n ou softie. Huis en hard is deur haar tipe aanmekeargehou, al was die omstandighede hoe onuitstaanbaar.

Dan is daar nig Susanna (Leanna Dreyer), 'n bywoner, stadig van begrip en iemand wat die Kakies op die maat van volksliedjies verlei. Poenskop Gertruidatjie (Karli Heine) se hare is die onderdeel van 'n seintoestel. Sê iemand liewe aarde! Einste.

Met sang en dans trotseer hulle die afgryse van die oorlog, sneuvel mites oor dié tydperk en word 'n paar nuwes geskep. Die heerlike musiek is deur Grethe van der Merwe en sy verskyn sommer ook as 'n verpleegster op die verhoog.

Officer Thompson word met 'n bedrewe komiese hand deur André Terblanché gespeel. Hy is 'n veelsydige akteur wat die rol van die Kakie met sy hogere aksent wat klink asof hy vissies spoeg sy eie maak.

As jy fyngevoelig of pedanties oor die geskiedenis is, gaan *Hensop!* jou dalk ontstig. Vir diegene wat oopkop en terglustig is, sal dit 'n fees van musiek, teater en draakstekery wees. Geniet.

– Herman Lategan

” Om te lag vir dié oorlog, maar met empatie, is perdalks die eerste van sy soort in ons land.



Links bo is Kyle en Karli met 'n kospot deurmekaar, regs bo is Leanna by die Kakie, André Terblanche, en bo wys Nicole watter tawwe vrou sy is.

## Toneel

# Uit die DOP



**André Odendaal (regs) as Frank en Wilhelm van der Walt as Tim in Retief Scholtz se *Dop*. FOTO'S: NARDUS ENGELBRECHT**

## Dop. Toneel. Drostdy-teater. Geen opvoerings meer nie.

Dis het al byna 'n speletjie geraak – dié verwagting om een of ander tyd op 'n kunstefees by 'n saal in te stap en dan algeheel oorrumpel te word deur die één toneelstuk wat dan jou merker of persoonlike hoogtepunt vir daardie fees word. Dis nie noodwendig 'n groot produksie nie, hoewel hulle nie uitgesluit is nie. Persoonlike gunsteling was al onder meer die beeldskone en digterlike eenmanstuk *Ont* van Wessel Pretorius, 'n ander keer *Melusine van Arcadia* deur Corné Joubert en *Wentel* deur Nico Scheepers met hul verleidelike elemente van magiese realisme, asook Christiaan Olwagen se *Droom* vol spontaneïteit en slimghede.

'n Middeljarige man wat sy lot sit en bekla by 'n kroegtoonbank is nie juis die mees aantreklike inhoud vir 'n treffer- of gunstelingstuk nie, hoofsaaklik weens die potensiaal tot banaliteit, clichés en holruggeryde temas. In Retief Scholtz se *Dop* raak die laaste lig wat doof egter die uitroepteken op my bewondering en opgewondenheid oor elke liewe aspek van dié besonderse produksie.

Danksy Scholtz se merkwaardige teks, meesterlike spel deur sowel André Odendaal as Wilhelm van der Walt en die onmiskenbare en unieke hand

van regisseur Sylvaine Strike is *Dop* tot dusver loshande my gunstelingproduksie by vanjaar se Woordfees.

As jy Odendaal se naam noem, is dit eerstens sy bekroonde vertolking as kardinaal De Medici in Deon Opperman se *Magspel* wat voor die geestesoo verskyn. Dit was 'n vertolking duisend en 'n mens wonder of hy dit kan ewenaar.

Wat karakter betref, is Frank Venter, skrikkelbaba en “glips” wat gebore is in die jaar toe die voorbehoedpil op die mark verskyn het, so ver verwyder van die geslepe kardinaal soos reguit loop as jy te veel gedrink het. Albei kry egter volledig lewe deur die behendige, genuanseerde spel van Odendaal.

Frank verjaar op skrikkelag, 29 Februarie. Hy het nie juis vriende of verbintenisse om van te praat nie en daarom bevind hy en sy “love palm” hulle alleen in die kroeg op sy verjaardag.

Agter die toonbank is Tim (Wilhelm van der Walt), 'n jong Suid-Afrikaner wat al op 10-jarige ouderdom saam met sy ouers na Australië gegaan het, maar intussen weer teruggekom het.

Frank stel entoesiasies 'n heildronk op homself in. Hy vertel aan Tim dat hy as kind net elke vier jaar 'n geskenk van sy hardvotige pa gekry het en dan gewoonlik iets nuttigs soos 'n skroewedraaier.

“

Scholtz is 'n jong dramaturg, skaars 32. Tog slaag hy daarin om die jare 70 en 80 weer te gee tot in die fynste besonderhede.



Soos elke betaamlike kroegvlieg het Frank probleme, groot en klein. En daar is genoeg mense om te blameer. Ironies genoeg worstel Tim self met 'n lewensbepalende vraagstuk en nader vir Frank om sy mening. Frank onderneem om dit te gee, maar eers as Tim al sy vrae beantwoord het. Tim hang duidelik nie graag sy persoonlike sake aan die groot klok nie. Boonop het hy nie die vloeibare aansporing waarmee Frank so kwistig omgaan nie.

As die geselskap opraak, stel Frank sommer weer dieselfde heildronk in. Dít gebeur 'n paar keer, maar Tim kry darem uiteindelik sy vraag uit. Van der Walt verdien 'n pluimpie vir die fyn aanvoeling waarmee hy sy rol benader. Hy sorg dat Tim nooit vir Frank oorskadu nie; tog is sy karakter allermins beskimmeld.

Scholtz is 'n jong dramaturg, skaars 32. Tog slaag hy daarin om by monde van Frank die jare sewentig en tagtig weer te gee tot in die fynste besonderhede asof hy dit eerstehands beleef het. By navraag verduidelik hy dat hy nogal baie navorsing gedoen het. Hy is natuurlik heeltemal te beskeie. Baie skrywers doen navorsing sonder om naastenby so noukeurig en outentiek hul navorsingsmateriaal te kan weergee. Boonop is sowel Frank as Tim volronde, geloofwaardige karakters met wie die gehoor hulle kan vereenselwig. 'n Mens

sien uit na nóg werk van dié talentvolle jong skrywer.

Die kersie op die afwesige verjaardagkoek is die geniale aanvoeling en afronding van regisseur Sylvaine Strike. Sy kan 'n olifant op 'n tiekie laat draai. In hierdie geval is dit die kroegtoonbank wat met toneelverwisselings in die rondte draai of teen ander hoeke geplaas word vir afwisseling en effek. Boonop word die toneelverwisselings balletagtig in hul uitvoering, wat daartoe bydrae om die ontwykende patos en nostalgie in daardie oomblik vas te vang.

'n Mens wil selfs wed dat Odendaal seker nie verwag het om in hierdie stuk balanstoertjies en ander fisieketeater-truuks te moet doen nie. Dis egter tipies die soort detail en presisie waaraan Strike aandag sal gee en wat haar van ander regisseurs onderskei. Dít is ook die verskil tussen 'n alledaagse aanbieding en 'n fynproewersdis.

Dis moeilik om die oomblik te vergeet toe Frank hom gereed maak om sy groot talent ten toon te stel. Hy druk sy hande in die wit krytpoeier, klap hulle teen mekaar en steek stadig sy arms in die lug terwyl die poeier in die lug rondwarrel... Die skoonheid van daardie oomblik is die magiese van teater en die span van *Dop* is die jongleurs wat sorg dat dit weer en weer gebeur. – Marina Griebenow

# Ons land se lekker Rooitaal

**Malcolm Venter: Say Again? The Other Side of South African English. Skrywersfees. ATKV-Boektent. Gister.**

‘Ons praat die lekkerste deel van die Queen se English.’

Malcolm Venter, medeskrywer van die boek *Say Again? The Other Side of South African English*, het Suid-Afrikaanse Engels só aan Leon de Stadler tydens sy boekpraatjie by die Skrywersfees verduidelik.

“Suid-Afrika spog met ’n skatkis woorde en gesegdes wat heeltemal uniek is. Woorde soos robot, monkey gland sauce en Panda (Previously Advantaged Now Disadvantaged) word nêrens anders in die wêreld verstaan soos ons dit verstaan nie.”

Venter, wat self Engelssprekend is, meen Suid-Afrikaanse Engels ontwikkel konstant, en hoewel dit tot ’n groot mate deur Afrikaans beïnvloed word, speel ander Suid-Afrikaanse tale ook ’n groot rol.

“Moetie vir medisyne en lekgotla vir ’n vergadering het in die Nuwe Suid-Afrika redelik algemeen bekend geword. ‘Go well’ en ‘stay well’ is byvoorbeeld ook ’n oordrag wat sy oorsprong in tweedetaal swart sprekers se taalgebruik het.”

Venter en sy medewerker, Jean Branford, se paaië het in 1966 gekruis, toe hy ’n beterveterige eerstejaar in haar klas was. Sy was raadop en het hom gevra of hy nie maar die klas wil oorneem as hy dan so baie weet nie. Venter het sy meesters en later ook sy doktorsgraad verwerf, waarop Branford



**Stef Bos gisteraand op die verhoog in die Jan Marais-natuurreservaat. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT**

aan hom ’n telegram gestuur het om te sê hy mag nou maar oorneem.

Soos die jare aangestap het, en Branford gesondheidsprobleme begin ontwikkel het, het sy aan hom ’n e-pos gestuur waarin sy hom gevra het om asseblief by haar oor te neem.

Hy het ’n metaalboks by haar gekry waarin daar kaartjies met woorde en betekenisse op geskryf was. Hy het toe besluit om ’n populêre cum akademiese boek saam te stel, maar hy moes eers al die inhoud toets om te sien of mense werklik die woorde en uitdrukkings gebruik.

“Dit het baie navorsing geveer, want jy kan nie vir mense vra, luister, gebruik jy hierdie woord nie, want hulle sal dit heel waarskynlik ontken. Jy moet fyn luister en geleenthede skep waar jy mense dit kan hoor sê.”



**Malcolm en June. FOTO’S: NARDUS ENGELBRECHT**

Venter het baie radio geluister en selfs by vergaderings ingesit.

Die boek is uiteindelik in temas soos boerdery, onderwys, reis en die struggle uiteengesit. Daar is ook ’n bylaag wat verduidelik waar die woord of gesegde vandaan kom.

“Daar is woorde wat nog altyd bestaan, maar in Suid-Afrika ’n heel ander betekenis gekry het,” het Venter gesê. Coconut is



byvoorbeeld ’n belediging wat een swart persoon ’n ander sal toesnou as hy “te wit” voorkom (swart aan die buitekant, maar wit aan die binnekant).

Agtervoegsels word ook graag bygelas, soos die woord fronting, wat beteken iemand maak asof hulle ’n swart persoon aanboord het om hul BEE-syfers te laat klop.

Branford wou altyd hê dat daar klem geplaas word op die manier

hoe Engels anders gebruik word, en nie noodwendig net op leenwoorde nie.

Die titel *Say Again?* is ’n voorbeeld hiervan.

“Dit is Engels, maar ver verwyderd van byvoorbeeld Britse Engels.”

Milk tart kom natuurlik van die Afrikaanse melkert af en ‘holding thumbs’ is ’n direkte vertaling van die Afrikaanse duimvashou – iets wat die koningin sou laat frons het, aangesien sy en haar landgenote veel eerder die vingers kruis.

In Mei verlede jaar het Jean ’n ernstige beroerte gehad, wat haar blind gelaat het.

“Sy is nie meer in staat om te kommunikeer nie,” het Venter gesê terwyl hy sukkel om die trane te keer. Ek is nie eens seker of sy weet die boek is uiteindelik gepubliseer nie. Sy sou só graag vandag hier wou wees.” – **Lynn Schoeman**

## Gesels met die kenners, en word WYS!

**Ons bestuur WiFi-netwerke namens kliënte landwyd.**

**Verkoop data, maak wins en beperk onkoste en misbruik.  
Jou netwerk, jou handelsmerk, ons stelsels en kennis.**

**Restourante • Gastehuse  
Studentebehuisings • Woonstelle  
Privaatwonings**

**www.wishnetworks.co.za**

**087 805 7480**



## Woordfees

# Meer musiek, asseblief

**Konnexi. Sanlam Musiekfees. Fismer. Vandag om 20:30.**

Dit is omdat ek haar hart ken en weet hoe talentvol sy is, dat hierdie moeilik is om te skryf. Luna Paige is 'n uitsonderlike kunstenaar. Haar stem is klokhelder en nootvas. Sy is ewe gemaklik agter die klavier as met 'n kitaar in haar hand. Sy het 'n goeie hart. Sy het 'n gawe om te berym en om haar met talentvolle musikante te omring. Haar nuwe produksie, *Konnexi*, werk egter nie.

In *Konnexi* begin Paige met die trefferliedjie "Little Boxes". Deur die loop van die produksie van 70 minute vertel sy, as verskillende persone, verhale van mense en hul dinge. Soos die kelnerin wat twee mans leer ken wat haar restaurant

besoek, of die sielkundige wat 'n man moet behandel wie se vrou van hom wil skei.

As Luna Paige-aanhanger en iemand wat haar al in full flight op die verhoog gesien het, was die stories 'n hindernis. So asof dit in die pad gestaan het van die goeie musiek wat jy weet sy in haar het.

Paige is op die verhoog deur Schalk Joubert (baskitaar) en Pops Mohamed (verskeie Afrika-instrumente) ondersteun, en dit het vir 'n baie interessante klank gesorg, net jammer daar is nie meer daarvan gehoor nie.

Die boodskap van *Konnexi* is daar: Moenie jouself en ander om jou in boksies sit nie. Maar net soos sketse en woorde 'n storie kan vertel, kan musiek ook.

– **Ilza Roggeband**

## 'n Gesprek gemis? Luister gerus!

Is jy dalk tranerig omdat jy 'n onderhoud met jou gunstelingkrywer moes misloop, of wroeg jou ander helfte omdat hy nie na genoeg aktuele diskoerse kon luister nie? Treur nie meer nie, geliefde feesganger.

Jy kan nou aanlyn na podcasts van die Woordfees se gespreksreekse luister. Dit sluit in gewilde sessies soos Frits Gaum:

Waar was God ... En is daar ooit 'n God?; Marita van der Vyver: Misverstand; Willie Breytenbach: Waarheen gaan die ANC? en Om te toor met taal van Gansbaai tot Elsiesrivier, waarin Bibi Slippers gesels met Jolyn Phillips en Shirmoney Rhode.

Diskoers: <http://iono.fm/c/3022>  
Skrifversfees: <http://iono.fm/c/3021>

## Wessel se wisseldans



**Wessel Pretorius wissel in Die ontelbare 48 soomloos van die een karakter na die ander. Daar is 48 van hulle, elkeen ontbloeit 'n geheim. Die verhaal se einde, soos elke persoon s'n, skokkend. Vir oulaas vandag om 18:00 by die Hoërskool Lückhoff. Die produksie was vir 'n Fiësta benoem. FOTO: NATALIE GABRIELS**



## Oude Libertas Amphitheatre Stellenbosch

# Messiah: G.F. Händel

## 10 & 11 Maart 20:15



**Met Magdalene Minnaar ( sopraan)  
Minette Du Toit- Pearce (alt), Given Nkosi (tenoor)  
Thato Bachona (bas), Zorada Temmingh (orrel)  
Libertas koor (vergroot) o.l.v. Prof. Johan De Villiers  
& saamgestelde orkes o.l.v. Jürgen Schwietering**

Besprek @ : 021 809 7473  
h/v Adam Tas & Libertas St, Stellenbosch

Computicket: 0861 915 8000  
[www.oudelibertas.co.za](http://www.oudelibertas.co.za)

# Dié stemme vul jou met deernis

**Moments in a Life. Klassieke musiek. Endler. Geen verdere opvoerings meer nie.**

Daar is iets omtrent epiese musikale werke wat jou intrek, boei en saamneem op die golf van musiek wat as't ware 'n sage vertel. Twee sulke werke was Maandagaand te hoor in 'n enkele uitvoering deur die US Camerata.

Die Kapenaar Leon Bosch, wat reeds sowat drie dekades lank in Engeland woon en bekend is as voorste virtuose kontrabasspeler, het die ensemble gedirigeer.

Die titel van die konsert is afgelei van die eerste stuk op die program: Matthijs van Dijk se "Moments in a Life", wat in musiek en woorde die lewensverhaal van die anti-apartheidsaktivis Denis Goldberg skets.

Dit was 'n opdragwerk vir die Stellenbosch Internasionale Kamermusiekfees in 2016, en hierdie is die tweede uitvoering daarvan – weer met Goldberg self as verteller.

Die musiek is roerend en die vertelling begin by Goldberg se ervaring van diskriminasie as Joodse seun en hoe hy respek vir menswaardigheid geleer het.

Hoogtepunte uit sy lewe word vertel: Hoe hy by die struggle betrokke geraak het, die Rivonia-hofsak, sy lewenslange tronkstraf op 31-jarige ouderdom, sy uiteindelijke vrylating, die koms van demokrasie, en lesse oor die koste

van vryheid.

Dat Goldberg self die verteller is, gee 'n egtheid aan die vertolking.

Die kombinasie van klavier, klarinet, twee viole, altviool, tjello, kontrabas, perkussie en 'n botoonsanger gee 'n onheilspellende karakter aan die musiek, wat sekerlik elke gehoorlid met deernis ervaar het.

Ewe onheilspellend dog dramaties is Mahler se Das Lied von der Erde, 'n siklus van ses orkestrale liederes wat sowat een uur duur en wat sy Tiende Simfonie gedoop is. Dié uitvoering was die kamermusiekweergawe vir 14 instrumentaliste wat in 1983 deur die Duitse komponis Rainer Riehn geskep is.

Stefan Louw (tenoor) en Minette du Toit-Pearce (mezzosopraan) was die soliste.

Dit is 'n "swaar" sing vir die sangers, aangesien die ensemble deurgaans sterk speel.

In die openingslied, "Das Trinkleid vom Jammer der Erde", het Louw se hoë note aanvanklik geknyp geklink, maar mettertyd het hy dramatiese frases met oorgawe bo-oor die ensemble gesing. Veral sy vertolking van die speelse "Von der Jugend" bly 'n mens by.

Du Toit-Pearce se klank was egalig, en veral in die laaste lied, "Der Abschied", het haar warm, ryk stem bo die grootse klank van die instrumentaliste gesweef.

Uiteindelik was dit 'n vertolking wat jou deurentyd vasgenael gehou het. – **Wayne Muller**

Opperman skiet uit die heup

Frank Opperman en Saartjie Botha was gister in 'n 'ekstatische' teatergesprek gewikkel. Frank het vertel van hoe hy in Amerika gewerk het. Daar het hy deelgeneem aan 'n BBC-dokumentêr wat vereis het dat hy onder mediese toesig ecstasy gebruik, waarna 'n onderhoud met hom gedoen is. 'n Ouer lid van die gehoor wou opsluit weet hoe sy trip was. Frank het ook onthul dat Ouboet weer sy verskyning in 'n nuwe TV-reeks gaan maak. Frank was by die fees te sien in Hond en Sing jy van bomme, waarin hy die rol van die Kolonel gespeel het. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT



ink

Redakteur  
**Jacquette Kloppers**  
(jacquettekloppers@gmail.com)

Uitgewer  
**Hannelie Cronjé**

Uitleg en produksie  
**Johnn-Grant Munro**

Teksredakteurs  
**Susan Booyens**  
**Marchelle van Zyl**

Fotograwe  
**Nardus Engelbrecht**  
**Natalie Gabriels**

Skrywers  
**Jo-Ann Floris**  
**Marina Griebenow**  
**Herman Lategan**  
**Wayne Muller**  
**Ilza Roggeband**  
**Lynné Schoeman**  
**Naudé van der Merwe**

Produksie-assistent  
**Marietjie Booyens**



**Wordfees-kantoor**  
Adres: Erfurthuis,  
Ryneveldstraat 37, Stellenbosch.  
Navrae: Bel die feeskantoor  
by 021 886 5036 of besoek  
www.woordfees.co.za.  
Besoek die Wordfees se  
Facebook-blad by https://www.  
facebook.com/woordfees/

**Adverteer NOU in ink**  
**Bel 083 303 6117**

'n Elektroniese weergawe van Ink is  
ná 14:00 beskikbaar op Netwerk24.



'Gee my 'n gun, nie feelings'

Oorgangsrites en bende-  
geweld. Diskoers. Bibsaal.  
6 Maart om 14:00.

“Dwelms moet gedekriminaliseer word,” sê die kriminoloog en ondersoekende joernalis Don Pinnock in 'n gesprek met die leraar Theo Geyser.

“In Portugal is dit jare terug gedoen en hulle het vandag die laagste statistieke in Europa wat dwelmmisbruik betref. Verder neem dit die rede vir baie bendes se bestaan heeltemal weg, hulle kan nie meer geld maak deur ondergronds te gaan en dwelm-sindikate te stig nie.

“Diegene in Portugal wat wel dwelms misbruik, word geïdentifiseer en kry hulp. Sielkundiges het bevind daar is een groot leitmotif by diegene wat verslaaf is: Smart. Hulle is hartseer.

“Plaaslik is dit ook een van die groot redes, maar die oorsake hier is legio en kan na baie historiese

sosio-politiese vraagstukke teruggevoer word.”

Pinnock is 'n ervare artikel-skrywer (voorheen redakteur van *Getaway*) wat vir dekades lank navorsing oor bendes op die Kaapse Vlakte gedoen het. Hy is bekend vir sy genuanseerde boek, *Gang Town*, oor jong bendeleders en jeugmisdadigers, veral op die Kaapse Vlakte

“Dwelms en die verkoop daarvan speel 'n groot rol, maar baie bendebase is besigheidsmanne in snyerspakke en is grootbase van onder meer vervoermaatskappye en vele ander besighede. Die cliché van 'n bendelid wat soos 'n skurk lyk, is onwaar. Groot geld kan so gemaak word. Kyk maar na ons banke, daar waar soms ongerymdhede plaasvind, asook in die regering. Dis niks anders as bendebedrywighede nie.”

'n Vrou in die gehoor het gevra oor vroue wat in bendes beland, en Pinnock het gesê daar is heelparty van hulle, maar sy fokus

is die rol wat oorgangsrites van plaaslike jong mans in bende-geweld speel.

“By bendes is hipermanlikheid vir hulle belangrik, en enige vertoon van teerheid sal uitgebuit en vermink word. Omdat baie van hulle uit gebroke families kom, voel hulle tuis in 'n bende, dis hul nuwe families.

“Emosies moet doodgedruk word, liever 'n geweer in die hand wat jou magtig laat voel (as metafoor vir die 'krag' van die roede) as om die hartseer van versaking en eensaamheid van 'n afwesige pa te moet konfronteer.

“Toe een bendelid gevra is om oor homself te praat, het hy opgespring en weggehardloop. Niemand het dit nog ooit vir hom gevra nie, en wie is hy nou eintlik?”

Pinnock se boek is fassinerend en jy hoef nie 'n graad in sielkunde te hê om alles te absorbeer nie. In 'n resensie wat hierdie joernalis oor dié boek geskryf het,

staan daar hy kyk na die uitwissing van Distrik Ses en die gevolge daarvan, die lewe op die Kaapse Vlakte nadat vriende en families uitmekaar geskeur is, hoe om die onstuimige psigiese rituele van adolessente te verstaan, die sosiologiese raamwerk van bendes, en veel meer. Die bylaag teen die einde verskaf belangrike inligting vir ouers, onderwysers en gemeenskapswerkers.

Die gesprek is met 'n ope vraag afgesluit. 'n Lid van die gehoor wou weet wat die verskil is tussen eerstejaars op Stellenbosch wat hulself dronk drink en belaglik op straat gedra, selfs aggressief, en bendes op die Kaapse Vlakte.

Dié hier kry later toegang tot prestige en professionele werksruimtes, maar die ander word opgesluit en verdoem tot 'n lewe van hel. Het kleur en bevoorregting dalk iets hiermee te make?

Nou ja, kou maar gerus aan daardie pruiimpie.

– Herman Lategan

NETWERK24  
Sake en Sauvignon  
met Theo Vorster

www.netwerk24.com



Kom **luister, dink** en **gesels** saam oor beleggingsbesluite by ons Diskoers-gesprekreeks.

📍 **Bloekomhoek** ⌚ **13h00 -14h00**

📅 **8 Maart 2017**  
Finansiële onafhanklikheid – wanneer het ek genoeg?

📅 **9 Maart 2017**  
Wanneer en hoeveel moet ek oorsee belê?

📅 **10 Maart 2017**  
Hoe maak ek beleggingsbesluite in onseker tye?

**R50 te koop by Computicket | R60 by die ingang.** Kaartjies sluit 'n glas Sauvignon blanc in. GRATIS toegang vir Netwerk24-intekenare, bespreek deur 'n epos te stuur aan [sakegesprek@netwerk24.com](mailto:sakegesprek@netwerk24.com)

Lees die jongste INK en al ons U.S. Wordfees inhoud daagliks op [Netwerk24.com](http://Netwerk24.com)

## Profiel

As historikus is prof. Hermann Giliomee gereeld deur sy eie mense misken. **Herman Lategan** drink wyn saam met dié ware jintelman.

**D**at prof. Hermann Giliomee se outobiografie tot dusver relatief min aandag in die pers geniet het, is raaiselagtig. Dit is die boek waarvoor hy tot dusver nog die meeste positiewe korrespondensie ontvang het. Dit is propvol verreikende en waardevolle inligting, nie net oor homself, sy sienswyses en sy onverskrokke (en voorspelbare ongewilde) standpunte oor Afrikaans nie, maar ook oor ons eie geskiedenis.


'n Mens wil nie te veel verklap nie, jy moet die boek self aanskaf. Dit is nie 'n biblioteekboek nie, dis 'n houboek. Hierdie werk is 'n fynskerp flitslig op sy eie lewe, maar meer ook, dit is 'n joernaal van hoe die verlede (en hede) hom gevorm het, asook hoe dit ons as land en mense beïnvloed het.

Ons ontmoet by die SUPER-SPAR se koffiekroeg in Die Boord. Dis warm. Die voorstedelike atmosfeer – gevul met verveelde welgestelde mense wat alleen met koue melkskommels sit terwyl hul vetblink 4x4's in die hittegolf buite bak – laat my soos Casey Affleck in *Manchester by the Sea* voel, deurdrenk met ennui.

Ek bestel sommer 'n bottel wyn, Cederberg Bukettraube, as skans teen die geweld van die alledaagse. Maar toe prof. Giliomee daar aangestap kom soos 'n jintelman van ouds, word ek gemesmeriseer. Hy praat sag, elke woord geweeg, die woorde maak in sy mond nes. Sy oë luister as jy praat. Iemand het my vertel hy is pedanties. Dit is nie waar nie.

Ek is dankbaar dat hy die boek waarvoor ek ewe voorbarig gevra het, wel saamgebring het. 'n Mandus wat sy beloftes gestand doen.

In sy outobiografie verwys hy na 'n ander werk van hom, *Nog altyd hier gewees*. Dit is die storie oor die gedwonge verskuiwings van die bruin gemeenskap uit Stellenbosch. Hulle het in die buurt Die Vlake gewoon en teen die



Prof. Hermann Giliomee  
FOTO'S: NARDUS ENGELBRECHT

# 2 Herman(n)s praat tesame

1960's was daar ongeveer 3 500 inwoners. Baie van hulle wat vandag nog leef, dink met heimwee aan hierdie plek terug.

Sy passie vir hierdie Afrikaanse gemeenskap se verdriet het hom 'n boek daaroor laat skryf. Hy skryf

ook daaroor met deernis in sy nuutste boek.

Prof. Hermann Giliomee is 'n man vol kontradiksies. Hy is al 'n Marx in die ou dae genoem, vandag weer omdat hy vir Afrikaans in die openbaar keelskoonmaak, 'n

regse. Hy gee stem aan onthemedes, tog sê hy Hendrik Verwoerd was 'n man wat groot foute gemaak het, maar hy word onregverdig as die sondebok vir apartheid geoffer. Lees gerus self hieroor, dis fassinerend.

“'n Mens moet objektief na mense en gebeure in die geskiedenis kyk. John Vorster het te lig daarvan afgekom, dis 'n man wat kanse verspeel het.”

Post-waarheid bogpraatjies en esoteriese abstraksies werk ooglopend nie vir prof. Giliomee nie.

“Ja,” sê hy, “die truuk is om toeganklik te skryf, sonder om gravitas te verloor. Ek hoop ek kry dit reg.”

“Ek het baie geleer uit my dae as rubrieksrywer by die *Cape Times*. Gerald Shaw (een van die politieke redakteurs), het eendag vir my gesê: ‘This column reads like you’re walking through wet cement!’ Dit was waar. Ek het geleer om by die punt uit te kom.”

“Daar was ook die keer toe 'n teksredakteur van een van my boeke die blaai na my toe terugstuur. Daar was strepe deur baie paragrawe, met hierdie woorde: ‘TELL YOUR STORY!’”

Hy moes leer, vertel hy, om in die eerste twee tot drie sinne die leser se aandag te gryp en te hou.

“Daarna moet jy in slegs 'n paar paragrawe jou argument kan formuleer sonder om die leser se aandag te verloor.”


Terug na sy teenstrydighede: Op sy dag was hy ongewild onder sy mense – die intellektuele elite op Stellenbosch. As Afrikaner was hy by die Universiteit van Kaapstad ook 'n buitestaander.

Vir baie jare het *Die Burger* (onder Wiets Beukes) nie vir hom gevra om enigiets vir hulle te skryf nie, ten spyte van sy redakteurskap van een van die mees invloedryke en progressiewe politieke publikasies, *Die Suid-Afrikaan*.

Aardig dat 'n gesiene historikus gereeld deur sy eie mense misken is, dat hy hom as't ware gereeld aan die verkeerde kant van die geskiedenis bevind het. Want met sy ondersteuning van Afrikaans as onderrigtaal op tersiêre vlak lyk dit asof modieuse groepdenkers hom weer met 'n etiket wil brandmerk.

En lyk dit asof die geskiedenis homself weer gaan herhaal. O, die ironie. Plus ça change, plus c'est la même chose.

**\*Vir meer inligting, kom luister na prof. Albert Grundlingh se onderhoud met prof. Giliomee in die ATKV-Boektent, 10 Maart om 14:00.**



**Erika Oosthuysen, hoof van niefiksie by Tafelberg Uitgewers:**

Dit is 'n voorreg om met hom te werk. Die inhoud van sy boeke is deurgaans stimulerend en vars, sodat dit altyd 'n plesier is om sy manuskripte deur te werk. Hy het wel 'n geneigdheid om op proefstadium vir oulaas te herskryf.

Sy byvoegings of veranderinge is dan altyd so uitmuntend, helder geformuleer of beter uitgedruk dat 'n mens dit maar moet toelaat – en dan in aller yl die register aanpas. 'n Ware heer, jintelman, onderhoudende geselskap en altyd met 'n kwinkslag reg vir die geleentheid. Hy het 'n verstommende kennis en oorspronklike analyses, en weet hoe om 'n storie te vertel en lesers mee te sleur. En dan 'n grappie of 'n woordspeling in te werk vir hoogs leesbare teks. 'n Lieflike skrywer om mee saam te werk.

Ek het ook deur sy boeke die geleentheid gekry om met internasionale uitgewers van formaat te kon saam publiseer. Wat 'n eer en 'n voorreg.



Elmary Rautenbach, koördineerder van die Skrywersfees, gesels met prof. Giliomee tydens 'n geleentheid in die Bibsaal.



’n Vrou kyk gister aandagtig na Robert Hamblin se foto’s wat deel is van die feesuitstalling ‘Deur die bome die bos nie sien nie’ in die US Museum. FOTO: NATALIE GABRIELS

# Pioniers gekoester in Afrikaanse liedere

Afrikaanse kunsliedere is te hoor in ’n konsert deur die sopraan **Janelle Visagie** en José Dias. **Wayne Muller** gesels met Janelle.

**Pioniers. Klassieke musiek. Fismer. 11 Maart om 17:30. 12 Maart om 13:00.**

Arnold van Wyk, S. le Roux Marais en Hendrik Hofmeyr tel beslis onder Suid-Afrika se voorste komponiste. Maar meer as dit is elkeen ’n pionier op die gebied van die Afrikaanse kunslied, meen die sopraan Janelle Visagie.



**Janelle Visagie.**  
FOTO: BRENDINE KRUGER

rolle soos Donna Elvira in Mozart se *Don Giovanni* en Suzuki in Puccini se *Madama Butterfly* gesing.

Toe volg hoofrolle in musiekpele, waaronder die Moederowerste in *The Sound of Music*. En dis dié rol wat sy in Singapoer, Nieu-Seeland, China, Hongkong en Indonesië gesing het en waarvoor sy in 2015 die Fleur du Cap-prys vir beste aktrise in ’n musiekspel gewen het.

Vir *Pioniers* het Visagie en Dias spesifiek drie Suid-Afrikaanse komponiste uit drie verskillende generasies gekies.

“Marais was een van die heel eerste komponiste wat Afrikaanse gedigte getoonset het in die vorm van die toe reeds gevestigde Duitse en Franse kunslied. Talle van sy komposisies word vandag steeds uitgevoer en is gunsteling, veral te danke aan die liriese en sentimentele kwaliteit van sy pragtige toonsettings,” verduidelik Visagie.

Van Marais sing sy onder meer die bekend “Mali, die slaaf se lied” en “Heimwee”, maar toonsettings van A.G. Visser, A.D. Keet en N.P. Van Wyk Louw se gedigte is onder meer ook ingesluit.

Visagie sê sy het gekies om liedere van Arnold van Wyk ook te sing omdat hy die eerste plaaslike komponis is wat wyd internasionale erkenning gekry het.

“Op my as sanger het sy werke ’n geweldige indruk gemaak en ek geniet dit om sy musiek te sing, veral die dramatiese siklus *Van liefde en verlatenheid*, waarvan ons “Die Townenares” in die program insluit.”

Ook Van Wyk se bekende *Vier Weemoedige Liedjies* kan gehoor word. Die derde pionier is Hendrik Hofmeyr.

“Hofmeyr is eenvoudig ’n Afrikaanse lied-genie. Ek het al die voorreg gehad om verskeie van sy werke te sing, maar hierdie keer is dit ’n besonderse geleentheid, aangesien hy spesiaal vir ons konsert ’n nuwe opdragwerk gekomponeer het. Ons is kinderlik opgewonde daaroor,” sê Visagie.

Sy en Dias (wat van Portugese afkoms is, maar vlot Afrikaans praat) meen dit is hul plig om plaaslike gehore aan liedere in alle Suid-Afrikaanse tale bloot te stel.

“Afrikaans is wel my moedertaal en so ’n bitter mooi een in woord en klank dat dit vir my uiters belangrik is om die openbaring daarvan in musiek te koester en verder te help ontwikkel,” voeg Visagie by.

## MAAK SPIER JOU FAMILIEPLAAS



Bring jou hele familie saam na een van Stellenbosch se oudste wynplase. Ontspan in ons vierster hotel en kom proe van Suid-Afrika se mees bekroonde wyne. Eet vars groente uit die plaastuin by Eight Restaurant of geniet ’n gourmet piekniek op ons historiese plaaswerf.

[www.spier.co.za](http://www.spier.co.za)

<sup>1692</sup>  
Spier

NIE TE KOOP AAN PERSONE ONDER DIE OUDERDOM VAN 18 NIE.

## Woordkuns



# Wanneer die aandblom blom

Weet jy hoe ruik katbos en kambro? Is daar regtig 'n plant met 'n naam soos skoonma-se-tong? Hoe lyk 'n kanniedood? Die US Botaniese Tuin het 'n nuwe toer ontwikkel wat 'n paar van die plante met interessante volksname wat in die letterkunde voorkom, vir jou wys. **Marchelle van Zyl** het in dié woordtuin gaan spit.

In Neethlingstraat tref 'n mens 'n lushof en 'n paradys by die US Botaniese Tuin aan. Dié besonderse tuin bied lafenis wanneer die Stellenbosse kraaie gaap, dis 'n ontvlugtingsoord weg van die gedruis al is dit in die middel van die dorp. Dit is altyd 'n paar grade koeler in die tuin as enige ander plek op die dorp en mens sit nie vas in die verkeer in die tuin nie. (Behalwe dalk wanneer die aandlelies blom of tydens middagete by die Katjiepiering-restaurant.)

Vanjaar is daar nog redes om in die tuin te kom rondsnuffel: hulle het 'n selfbegeleide toer ontwikkel wat besoekers op 'n ontdekkingsreis deur die tuin neem om uit te vind hoe lyk die plante met die interessante volksname wat so mildelik in die Afrikaanse poësie en letterkunde voorkom.

Die idee vir die unieke toer het ontkiem by een van die vrywilligers wat in die tuin werk, Madine Swart. Sy het die tuin se databasis en biblioteek gebruik om aan haar

boek *Flora se geheime taal* te werk.

In die boek ondersoek sy onder meer die unieke volksname van plante, veral hoe dit in die Afrikaanse letterkunde voorkom.

“'n Groot deel van die navorsing vir *Flora se geheime taal* is in die Botaniese Tuin gedoen en ek het besluit om as vrywilliger daar betrokke te raak. Dit was vir my 'n heerlike ontdekkingsreis om die volksname van die plante op die inligtingsbordjies in die tuin te vind, en ook kontak met besoekende botaniste te hê wat hul kennis oor volksname gedeel het. Omdat ek reeds vir *Flora* 'n aantal gedigte waarin volksname vir plante voorkom, bymekaar gemaak het, is daar besluit om die toer saam te stel met plante wat in die tuin voorkom. Ek het voorheen geen idee gehad van wat byvoorbeeld 'n kanniedood, perdetand of bokspoortjie is nie, maar nou dat ek die gedigte soveel meer,” verduidelik Swart.

Van **vandag tot 10 Maart** sal die tuin en restaurant oop wees van **08:00 tot 22:00** om besoekers die geleentheid te gee om die aandblomme te sien blom, onder meer die baie spesiale Victoria-lilie asook 'n paar ander aandblomme.

**Vrydag 10 Maart** om **17:30** is daar 'n begeleide toer deur die tuin saam met Dave Pepler en Madine Swart.

Kontak gerus die Botaniese Tuin by **021 808 3054** of **subg@sun.ac.za** vir meer inligting.

**Die Katjiepiering-restaurant** kan nogal besig raak, so bespreek 'n tafel by 021 808 3025.

“Volksname van plante rank deur Afrikaanse poësie en plantsimboliek word ryklik deur digters ingespan om hul verhouding met die landelike en die aarde verby taal oor te dra,” vertel sy in haar boek.

Die toer is geskep uit 'n keuse van 20 volksname van plante wat in Afrikaanse poësie voorkom. Daar is hoofsaaklik gefokus op inheemse plante en die twee versreëls waarin die volksnaam voorkom, word aangehaal in die inligtingstukke.

Martin Smit, kurator van die US Botaniese Tuin, verduidelik dat mense se verbintenis met plante heel eerstens lê in die naam.

“Daar is 'n baie klein persentasie mense wat in die tuin inkom en sê hulle soek na 'n *Celtis africana* of 'n *Acacia karroo*. Mense kom hierheen en hulle sê: ‘Het jy 'n soetdoring, het julle perdetande, of waar staan dit...’ So, hulle gebruik die volksname. Die volksname is vir die grootste deel

van die besoekers hoe hulle met plante omgaan. Ons probeer die volksname uitleg en dit is waar die Tuinverkenner ook inkom,” verduidelik Smit.

Die Tuinverkenner is die tuin se webtuiste waar jy allerhande selfbegeleide toere op jou slimfoon kan volg.

En as jy nie 'n slimfoon het nie, sal hulle 'n uitdrukstuk van die Woordkunstoer in die winkel se voorportaal vir jou gee.

Woensdag tot Vrydagaand sal die tuin oop wees tot 22:00 sodat besoekers die eksotiese aandblomme kan sien blom.

Madine Smit en Dave Pepler gaan besoekers om 17:30 op 'n begeleide toer deur die tuin vergesel.

“Ek hoop dat besoekers met nuwe oë na die plante sal kyk, 'n paar gedigte sal leer ken en hulle sal oopstel vir die simboliek wat die digters so treffend vir ons gegee het,” sê Swart.

– **Marchelle van Zyl**



**Bo:** Die pienk waterlilie.

**Links:** Die Victoria-waterlilie se blare is die tweede grootste ter wêreld.

**Regs:** Anton Smith se beeld Vergiss-meinicht. FOTO'S MARCHELLE VAN ZYL





Studente van die Universiteit Stellenbosch se kunsdepartement gebruik die tuin as inspirasie.



Dit is duidelik waarom dié vetplante beeskloutjies genoem word.

Die Tuinverkenner se slimfoontoere

Besoekers word genooi om tydens die Woordfees ’n lafenis te kom soek in die tuin en ’n selfbegeleide toer mee te maak met behulp van die Tuinverkenner-webtuiste (<http://sun.gardenexplorer.org/tour.aspx>).  
Behalwe vir die Woordkuns-toer is daar ook ander toere wat gedoen kan word, soos byvoorbeeld Afrika Medisinale Plante, Tekstiel Plante, Bonsai asook Kuns in die Tuin.  
Die Tuinverkenner-program stel besoekers in staat om plante te soek volgens hul wetenskaplike of volksname en dit dan met behulp van ’n kaart in die tuin te vind.  
As jy nie ’n slimfoon het nie, kan jy inligtingstukke oor die Woordkuns-toer in die voorportaal by die winkel optel en die gedigte lees in die bundels waar die volksname van die plante voorkom.



Die waterlelies staan vol in die blom.



Die heilige lotus is ook op die Woordkunstoer te sien.

Vir meer inligting oor volksname in Afrikaanse poësie, sien die hoofstuk “Poësie is ’n bloeiwyse” in Flora se geheime taal deur Madine Swart, wat ook in die tuin se winkel beskikbaar is.

Die inspirasie

“... Kanniedood, boegie en skuim van die see, Gee my dié drie vir my tower-paljas...”  
– Louis Leipoldt

“... ek proe die koffie op jou tong ek snuif anys en wilde-roosmaryn ek snuffel oor jou bakkiespoor...” – George Weideman

“Ek sal jou liefhê heel my lewe lank selfs al sou die t’nouroevygie in droë jare skaarser rank al sou die sleepmis vroeg insleep van die see af en die wilde-anys toe-oog bly en die son vergeefs ander wang vir die wêreld wys...”  
– George Weideman



**DStv**  
Premium



VOLG DIE SPANNING

# DIE BOLAND MOORDE

DINSDAE

**20:00**

kykNET.TV #BOLANDMOORDE

**kykNET**  
KANAAL 144